# *Book Reviews*

—

# Boekresensies

## "Die universiteit bestaan ter wille van die studente": Geskiedenis en Stellenbosch

**P.H. Kapp,** ***Verantwoorde Verlede. 'n Historiografiese Studie. Die Verhaal van die Studie van Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch, 1860-2000***
Privaat publikasie, Mediator Drukkers, Somerset-Wes, 2004
146 pp
Voetnote
R60.00 (beperkte oplaag)

Dit is inderdaad 'n voorreg om die geskiedenis van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch te mag resenseer. Die voorreg is tweeledig: enersyds was ek 'n student van die outeur, die gerespekteerde professor Pieter Herman Kapp. Hy het as nederige jongman aan die Universiteit van Stellenbosch gaan studeer en daarna die deeglike en metodologies gefundeerde opleiding toegepas op onderrig aan die verskillende universiteite waar hy doseer het. Die ander aspek van die voorreg is dat ek ook van hom kon leer en as uiters jong dosent vir vyf jaar saam met hom as kollega kon werk. So is die wetenskaplike en akademiese omgewing in Suid-Afrika nou eenmaal verweef.

Die publikasie *Verantwoorde Verlede* is met besondere deeglikheid en oorsigsvisie geskryf (en ook taalkundig goed versorg!). Dit begin by die sleutelvrae van ontwikkelde beskawings na wie en wat hulle is, en waarom die wêreld waarin hulle woon juis is soos wat dit is. In die geskiedenis van die Departement Geskiedenis, Universiteit van Stellenbosch, was die vestiging van wetenskaplike studie om antwoorde op hierdie vrae te vind, 'n belangrike deel van die ontwikkeling van akademies wetenskaplike geskiedskrywing in Suid-Afrika. Dit was 'n glorieryke tradisie en dit is bemoedigend om tussen die reëls die trots op daardie vestigingsprestasie waar te neem. Die skrywer beweeg sistematies dwarsdeur die eeu van die departement se bestaan. Eers was geskiedenisonderrig nou verweef met skoolopleiding totdat 'n selfstandige Departement Geskiedenis met 'n eie professoraat in die persoon van professor Godée Molsbergen in 1904 tot stand gekom het.

Vervolgens verskuif die aandag na 'n ontleding van die volledige bydrae van elke leiersfiguur in die skepping van 'n wetenskaplike tradisie in die onderrig en navorsing van geskiedenis. Die bydrae van elke persoon word uiteengesit as 'n persoonlike bydrae van die indiwidu in die groter gemeenskap, die wetenskaplike bydrae gegrond

in metodologies-ideologiese oortuiging en ten opsigte van temavoorkeur in onderrig en navorsing. Die Departement Geskiedenis het 'n waardevolle Nederlandse erfenis ontvang deur die rol van Godée Molsbergen en daarna 'n Vlaamse erfenis vanaf Willem Blommaert. Beide akademici het besondere klem op die breë wêreldperspektief op die bestudering van geskiedenis geplaas. Met die aanstelling van S.F.N. Gie in die nuutgeskepte Jannie Maraisleerstoel in Suid-Afrikaanse geskiedenis het die fokus geleidelik verskuif na die bestudering van vaderlandse geskiedenis. Hierdie tendens het verdiep in die periode onder die leiding van professor H.B. Thom. 'n Besonder indringende ontleding word gemaak van Thom se akademiese, kulturele en politieke rol in Stellenbosch en spesifiek aan die Universiteit van Stellenbosch. Op grond van intensiewe navorsing oor die lewe van Thom word 'n nugter, dog vererende beskrywing aangebied. Groot figure doen hulleself nie dikwels voor nie en Thom kan in die multi-dimensionele aard van sy bydrae as akademikus en volksmens met reg as eerbiedwaardig beskryf word.

Die rol van professor P.J. van der Merwe volg daarna – in kontras. Sy "heilige respect voor feiten" tot uitsluiting van die groter geheel was die vernaamste rede vir die beperkte invloed wat hy uitgeoefen het. Nogtans staan die ongeëwenaarde bydrae van sy trilogie bo alle twyfel. Dit is met die vertaling deur Roger Beck vereer. In die dramatiese klemverskuiwing wat professor D.J. Kotzé deur sy studie van marxisme, nasionalisme en sosialisme meegebring het, het die pendulum weer geswaai na die internasionale perspektief van wêreldgeskiedenis. Uiteindelik was die rol van die vierde geslag historici aan die Universiteit van Stellenbosch die gevolg van die ontwikkelingsgang van die Departement Geskiedenis sedert die begin. In professor Diko van Zyl is vir die eerste keer na regte aandag gegee aan aspekte van die ekonomiese geskiedenis soos wat Blommaert dit bedoel het. Professor Van Zyl se werk en dié van sy studente getuig van sy bodemgebondenheid tot die bakermat van die Boland-ekonomie, naamlik die landbou. Professor Giliomee was op sy beurt eerder 'n verteenwoordiger van die Thom-model met klem op Suid-Afrikaanse geskiedenis, politieke en internasionale betrokkenheid. Met die terugkeer van professor Kapp is die kringloop voltooi en is die geheelperspektief van die wêreldvraagstukke in die binnelandse leefwêreld bewustelik herintegreer. Sy bydrae in die herposisionering van die Departement Geskiedenis is onderskat, maar uiteindelik verswelg in die politiek van die Universiteit van Stellenbosch.

Die geskiedenis van hierdie Departement Geskiedenis is tot 'n groot mate verteenwoordigend van die Universiteit in geheel: 'n instelling van besondere herkoms, tradisie en statuur wat in homself kragte gegenereer het om sy voortbestaan te verseker. In die proses het selfgenoegsaamheid tot 'n mate gemanifesteer en het oud-studente die spil geword waaromheen ontwikkeling gedraai het.

Dit is interessant hoe vraagstukke in geskiedbeoefening amper universeel voorkom, byvoorbeeld samelewingsvestiging in globale perspektief, sosiale formasie en ekonomiese organisasie, identiteitsvorming en magsontplooiing, nasionalisme en internasionale verbintenisse. Hierdie temas doen hulleself voor in al die Departemente Geskiedenis waarmee ek te doene kry. Die vraag is net wie die mag het. Wie is die draers van nasionalisme en wie se identiteit is ter sprake? Dit is in hierdie opsig dat die hele universiteitsisteem in Suid-Afrika onder beleg gekom het van nuwe magshebbers met 'n ander identiteit en nasionalisme. Universiteite is en was altyd 'n verlengstuk van die omgewing wat dit bedien – "Die universiteit bestaan

ter wille van die studente", skryf die outeur (p 121). Die dramatiese verandering van die studentekorps by die Universiteit van Stellenbosch (en by alle voormalige Afrikaanstalige universiteite) is verantwoordelik vir die "einde [van] die verhaal van die eerste tot die laaste voltooide professorate in Geskiedenis op Stellenbosch" (p 120). Wanneer die vraag teen die einde van die publikasie gevra word oor rigtinggewing of relevansie van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch, moet die antwoord ook teen die agtergrond van bogenoemde gegee word. Aangesien 'n universiteit ten eerste gemeenskapsgebonde ontstaan en die gemeenskap dien, sal die vraag na die relevansie van die werk aan hierdie Department Geskiedenis staan in die teken van wie die gemeenskap is.

Dit is inderdaad so dat die aandag in onderrig en navorsing aan die Departement Geskiedenis oorwegend sy gemeenskap gedien het en dat minder werk gehandel het oor die swart gemeenskappe of die sogenaamde bevrydingstryd. Navorsingstemas word gegenereer uit die navorsingsgemeenskap. Dit sal wissel oor tyd. Die Department Geskiedenis aan Stellenbosch het eietydse vraagstukke bestudeer. Dit was goeie werk. Nou is die uitdaging om nuwe vraagstukke, soos wat dit voorkom, te hanteer.

'n Deeglike stuk navorsing onderlê hierdie publikasie. Die outeur gee volledig rekenskap van die "verantwoorde verlede" van die Departement Geskiedenis. Dit is 'n indrukwekkende weergawe (en P.J. van der Merwe-tipe opgaaf) van studente, getalle en temas van senior grade. Die Departement kan trots daarop wees. Die taak vorentoe is om dieselfde vlak van wetenskapsbeoefening te handhaaf, gegewe die nuwe konteks. Dit sal goed wees as al die Departemente Geskiedenis / Historiese Studies aan Suid-Afrikaanse universiteite dieselfde introspeksie doen met die oog op verantwoorde wetenskapsbeoefening, ongeag teoretiese modelle.

Grietjie Verhoef
Departement Historiese Studies
Randse Afrikaanse Universiteit